



Gemeenteboukommissie

Hierdie Kommissie bou en bemoedig die gemeente.

Voorsitter: Noël Boon -
(082 903 9763)

Voogdominee: Dr Annelize Endres -
(082 781 7807)


Vir die gemeenteboukommissie is die kleingroep hoog op ons prioriteitslys. Lees gerus deur hierdie boekie en kyk waar u wil inskakel.



NG Wonderpark
Kleingroepe



NG Wonderpark *Kleingroepe*



Inligting

Tel: (012) 549 1340 - Epos: kantoor@ngwonderpark.co.za
Faks: 0866 597 694 - Webblad: www.ngwonderpark.co.za

God werk deur Sy Liggaam

Kerk en klein groepie gelowiges

Baie keer verwag ons dat God oombliklik ons probleme en depressie moet gesond maak. God gebruik mense om ons te help (Efes. 4:16):

“...en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”

God werk direk deur mense wanneer Hy mense help. God is nie daardeur onbetrokke nie. Maar hy dra mense as Sy uniform; Hy kom lewe binne-in mense en lewe Hom uit deur 'n misterie wat genoem word: die Liggaam van Christus.

Ons wag baie keer vir God om Sy genade te gee deur bonatuurlike ingrype maar Hy gee dit deur sy mense. Ons wag vir Hom om direk met ons te praat maar Hy praat met ons deur mense. Ons wag vir hom om vir ons rigting in die lewe te gee, maar Hy is die sterke inspirasie agter die rigting wat mense vir jou gee. Ons wag vir Hom om ons depressie te genees en Hy stuur mense om jou te troos (2 Kor 7:6):

“Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus,”

Die leerstelling oor die kerk is dat die kerk met die Heilige Gees die fisiese teenwoordigheid Christus op aarde is. (Matt. 18:20). Dit is waar dat Hy teenwoordig is waar daar twee of meer mense vergader. In die Ou Testament het Hy in die tempel gewoon en vandag woon Hy in ons en deur die Liggaam van Christus is Hy teenwoordig. Individualisme is 'n simptoem van die moderne samelewing en lidmate kan so maklik in die groot Wonderpark gemeente wegraak. Klein groepe laat die koinonia tot sy reg kom.

In 'n groot gemeente kan nuwe intrekkers maklik wegraak. Omgeegroepes help dat hulle nuwe vriende maak en help hul om by gemeente aktiwiteite in te skakel. Nuwe lede voel nie verlore in ons makrogemeente nie, want hulle word deel van die “liggaam” (gemeente).

Hoekom is dit so belangrik om in 'n klein groepie van gelowiges ingeskakel te wees?

Mense se mees basiese behoefte in die lewe is verhoudings. Mense wat verbind is aan mense groei en gedy, en die wat nie verbind is nie verdor en sterf. Babas en persone met 'n hoë ouderdom se gesondheid is afhanklik van sosiale verbinding met ander mense. Verbindings en kontak met mense is baie belangrik vir jou gesondheid. Elke emosionele probleem (van verslawings tot depressie) het as kern emosionele isolasie. Om te genees hiervan moet mense weer verbinding en kontak op gereelde basis met ander mense kry. Ironies dat ons dikwels voel dat ons nie verbind met God nie maar dit is omdat ons nie verbind met Sy liggaam nie. Paulus beskryf dit so in Kol 2:19:

“...en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei.”

● **Die kleingroep speel genesende rol**

Die Nuwe Testament leer duidelik dat die Liggaam van Christus mense is wat diep verbind is bymekaar en mekaar se harte vul. Jy kan nie van verslawing of emosionele pyn loskom sonder verbinding met 'n ondersteuningssisteem nie. Sommige mense staak hulle verslawings of kompulsiewe gedrag maar hulle patrone verander nie en “relapse” dan as hulle nie in 'n groep is nie. As mense afgesny is van ander mense is hulle uitgehonger na die kontak en behoefte aan liefde en soek hulle 'n plaasvervanger in alkohol, pille, dobbel, seks ens.

● **Die kleingroep is die fondasie van hoe mense groei.**

Ons bly geestelike babatjies wanneer ons net ontvang - Heb 5:12-14:

12 Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig. 'n Mens moet julle met melk voed en nie met vaste kos nie

13 Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind.

14 Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.

Ons kan geestelik volwasse word deur uit te reik en uit te deel wat ons ontvang het. Dit beteken nie slegs kerkbywoning nie, maar ook om te getuig en mekaar te dien. 'n Kleingroep is God se plan vir ons om te groei en versorg te word.

● Die kleingroepe ondersteun mekaar

Soos wat mense hulle gawes gebruik gee hulle God se genade na ander – 1 Petrus 4:10:

“As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.”

God se genade is beskikbaar vir ons maar ons mag dalk byvoorbeeld nie beskikbaar wees vir God se genade nie omdat ons nie in 'n groep is waar Hy ons deur Sy liggaam kan bemoedig en versterk en ondersteun nie. Hy gee aan Sy Liggaam genadegawes om so Sy genade aan mekaar te gee.

Hoe kan jy byvoorbeeld 'n trauma beleef en daardeur kom? Slegs deur die liggaam. Want dit is wat die fisiese liggaam doen wanneer 'n sel swaarkry. Dit stuur genesing na die beseerde deel van die liggaam. As jou arm byvoorbeeld 'n seer het, stuur die liggaam suurstofryke bloed, witbloedselle en anti-inflammatoriese agente na die beseerde deel. En dan begin die genesing. So staan ons as Liggaam mekaar by wat seergekry het. Die Liggaam van Christus genees homself net soos wat die fisiese liggaam doen.

Elke lidmaat het 'n funksie in die gesond word van ander net soos elke sel van die fisiese liggaam het. Party mense help teen infeksie in die vorm van dissipline soos wanneer hulle mekaar in liefde konfronteer en help teen die infeksies van sonde. Hulle sit grense op teen die bose. Ander help deur soos die anti-inflammatoriese selle te word en hulle bring liefde na mekaar. Ander mense bring hulle onderrig en waarheid na die sel en bou sterker strukture.

● Die kleingroep help ons met rou

Een van die mees belangrike prosesse in die lewe is rou. God het 'n rou ontwerp om ons te help om oor dinge te kom. Wanneer slegte dinge in die lewe gebeur moet ons deur dit werk. Om deur slegte goed te werk is soos die vertering van kos. So verwerk ons dit wat met ons gebeur, ons neem dit

in, gebruik wat handig is en elimineer die afval. Rou kan net voltooi word in die konteks van verhoudings. Ons het ander nodig om ons vas te hou as ons deur die proses van loslaat gaan.

As mense nie ondersteunings sisteme het om aan vas te hou nie is dit moeilik om te rou oor 'n mooi verhouding wat verby is of 'n slegte een wat hulle moet laat gaan.

Rou is God se manier om ons deur dinge te kry. En ons het ander nodig om ons te help om dit te doen. Rom 12:15:

“Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.”

As mens dit doen vind mens uit dat dit waar is wat Jesus sê in Matt 5:4:

“Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word”.

- **Die kleingroep gee om vir mekaar**

Opdrag wat die Here aan Sy kinders gee is om mekaar lief te hê en mekaar se laste te dra. Wanneer daar hartseer en dood is, is dit die kleingroep wat mekaar bystaan. Kleingroepe help met moeilike besluite deur raad te gee en help wanneer byvoorbeeld werk verloor is. Hulle pas huise op as ander met vakansie gaan, ry kinders na plekke as ouers nie kan nie en help tuine in stand hou.

- **Die kleingroep dra by tot die verryking van die gesin en huwelik**

Man en vrou leef maklik in twee aparte geestelike wêrelde. Omgeegroep laat hulle weer rondom God se Woord verenig en geestelik saam groei.



Wat is 'n kleingroep?

'n Omgeegroep is 'n groepie gelowiges (verkieslik in gesinsverband), wat op 'n gereelde basis byeenkom, en in die proses baie betrokke raak by mekaar en mekaar op die lewenspad ondersteun. 'n Tipiese byeenkoms bestaan uit 'n kort Bybelstudie, gebed, deel met mekaar hoe dit gaan en dan natuurlik 'n lekker stukkie saam kuier. Talle groepe het ook projekte, waardeur hulle betrokke raak by iets of iemand, en so op 'n praktiese wyse hulp verleen aan mense wat dit nodig het. Die Wonderliggie-fees is 'n projek waaraan al die groepe deel het.

Wat gebeur in 'n kleingroep?

Veral in hierdie moeilike dae is die kleingroep die Liggaam van Christus wat mekaar bystaan, help en bedien met hulle gawes. Hulle dra mekaar se laste (Gal 6:1-2):

- 1 “Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.
- 2 Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.”

Hulle bemoedig en versterk mekaar (1 Tess 5:11):

“Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.”

Hulle bid vir mekaar (Jak 5:16):

“Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.”

en hulle vermaan en vergewe mekaar (Kol 3:12-17):

“Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees.”

Wanneer vergader die kleingroepe?

Die kleingroep vergader een keer per week/ 2-weekliks of maandeliks op 'n tyd wat die groep die beste pas.

Wat sê die Bybel oor kleingroepe?

- **Jesus se Dissipelkring**

Jesus het meeste van Sy tyd aan 'n kleingroep van twaalf dissipels spandeer. Hy het vir hulle geleer om die Skrifte te verstaan, te bid, te getuig en by hulle het Hy die Nagmaal ingestel.

- **Eerste Christene**

Die eerste Christene het in huise vergader Hand 5:42:

“En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.”

Hand 20:7-12:

“7 Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegesprek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou.

8 Daar was heelwat lampe in die bovertrek waar ons bymekaar was.

9 'n Jongman met die naam Eutigus het op die vensterbank gesit. Hoe langer Paulus gepraat het, hoe vaker het Eutigus geword. Hy het naderhand vas aan die slaap geraak en uit die derde verdieping tot op die grond geval. Toe hulle hom optel, was hy dood.

10 Paulus het ondertoe gegaan, hom oor Eutigus uitgestrek en hom teen hom vasgedruk en gesê: “Moet julle nie ontstel nie. Hy lewe!”

11 Paulus het weer boontoe gegaan, brood gebreek en geëet. Hy het nog lank met hulle gepraat, tot dagbreek, en daarna vertrek.

12 Die mense het toe die seun lewend weggebring huis toe. Hulle was buitengewoon bemoedig deur alles.”

soos byvoorbeeld Maria se huis in Jerusalem - Hand 12:12:

“Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid.”

Filippi se huis van Lidia - Hand 16:40:

“Nadat hulle uit die tronk gekom het, is hulle na Lidia se huis toe, waar hulle die gelowiges gesien en bemoedig het. Daarna het Paulus-hulle vertrek.”

Priscilla en Akwila se huis in Rome Rom 16:3-5:

“3 Groete vir Priscilla en Akwila, my medewerkers in Christus Jesus
4 wat hulle lewe vir my gewaag het. Dit is nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die gemeentes onder die heidennasies.
5 Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom. My groete verder ook aan my liewe vriend Epenetus, die eerste bekeerling vir Christus in die provinsie Asië,”

Gaius se huis in Korinte - Rom 16:23:

“Gaius, my gasheer en ook gasheer van die hele gemeente hier, stuur ook groete. En dan ook nog groete van Erastus die stadstesourier, en van broer Kwartus.”

Laodisea in die huis van Nimfa - Kol 4:15:

“Dra my groete oor aan die gelowiges in Laodisea en aan Nimfa en die gemeente wat gereeld in haar huis bymekaarkom.”

en Filémon se huis van Kolosse - Fil 1:1-2:

“1 Van Paulus, 'n gevangene ter wille van Christus Jesus, en van ons broer Timoteus. Aan Filemon, ons vriend en medewerker,
2 en aan ons suster Affia en aan Argippus, ons medestryder, en aan die gemeente wat gereeld in jou huis bymekaarkom.”



- **Elkeen van ons is deel van die Liggaam (Kerk) van Jesus Christus**

Volgens 1 Kor 12:13:

“Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.”

en 1 Kor 12:26-27:

“26 As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

27 Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan.

het “...elke Christen deel aan die Liggaam van Christus”. Elke lid het 'n verantwoordelikheid en 'n taak. As wedergebore kinders van Hemelse Vader is ons broers en susters van mekaar en het 'n verantwoordelikheid om vir mekaar te sorg, lief te hê en om te gee - Rom 8:14-17:

“14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.

16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

17 En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlijkheid.”

Ef 2:19:

“Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.”

1 Tim 3:15:

“Ek skryf hierdie dinge aan jou hoewel ek hoop om gou na jou toe te kom.”

Doel van die kleingroepe

- **Koinonia kom tot sy reg**

Individualisme is 'n simptome van die moderne samelewing en lidmate kan maklik in die groot massa wegraak. Kleingroepe laat die koinonia tot sy reg kom.

- **Oefenruimte vir Geestelike Lewe**

Deur die Woordgedeelte in die kleingroep leer ons die Bybel beter verstaan en praat ons daaroor. So word ons toegerus om getuies vir Christus in hierdie wêreld te wees en kry ons vrymoedigheid om hardop vir en voor ander mense te bid.

Nuwe groepe

Ons begin nou 'n groep vir lidmate met babas en klein kindertjies. Kontak Annelize of die Kerkkantoor as julle in die groep wil inskakel. Ons wil ook 'n groep vir volwasse enkellopers tussen 25 en 40 jaar begin indien daar genoeg belangstelling is. Kontak Annelize indien jy belangstel. Ons het reeds 'n groep wat bestaan uit lidmate wat ouer as 85 jaar is.



Bestaande kleingroepe waarvan ons kennis dra

GROEOPLEIER	GROEPNAAM	SEL NOMMER	E-POS ADRES
Attie Eloff	(Barnabas)	082 579 6140	attie.eloff@gmail.com
Piet Stroebel	(Petrus)	083 289 8166	stroebelps@gmail.com
André Vorster		082 780 9845	andretops@telkomsa.net
Chris van Wyk		072 310 1402	chrisana@vodamail.co.za
Bernard Venter	(Nehemia)	083 444 2790	ekocare@telkomsa.net
Jan-Hendrik Putter		072 953 1808	janhenddrikp@compurite.net
Hannes Wilken	(Johannes)	082 578 5913	hwilken@astrapak.com
Hendrik Barnard		082 857 0229	
Hugo Breedt		079 883 5855	Hugo.breedt@gmail.com
Meisie Jansen van Vuuren		083 415 1819	mjansevanvuuren@lantic.net
Theo Otto		082 900 3100	Theo1@mweb.co.za
Anette Rossouw	(Rut)	083 308 2284	
Kobus Sutherland		082 786 3384	
Kobus van der Wetshuyzen		076 963 7037	kobusjnb@vodamail.co.za
Johan Wasserman		0833 5777 69	ulzaw@absamail.co.za
Ria Beukes	(Tabita)	083 292 7957	
Esmé Steynfaardt		083 243 7116	Esme.steynfaardt@kioltd.com